higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDING N4

(7080094)

15 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

255Q1B2015

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIOLNALE SERTIFIKAAT
OPVOEDING N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 In die helekindbenadering word die kind … bestudeer.

A in sy/haar omgewing
B tydens spel
C in totaliteit
D in al vier aspekte van die lewe

1.2 Die gemiddelde kind se intelligensiekwosiënt kom in hierdie variasiewydte voor:

A 110–115
B 90–109
C 130+
D Minder as 90

1.3 Die volgende is 'n eienskap van 'n hiperaktiewe kind:

A Swak koördinasie
B Sukkel om aan kreatiewe aktiwiteite deel te neem
C Vroetel baie en kan nie stilsit nie
D Beskik oor 'n beperkte woordeskat

1.4 Volgens Bandura se sosialeleer-teorie …

A word gedrag aangeleer deur ander mense dop te hou.
B word gedrag deur genetiese faktore bepaal.
C leer ons merendeels deur middel van kondisionering.
D is leer 'n kognitiewe proses.

1.5 Wanneer speletjies op 'n rekenaar gespeel word, bevorder dit …

A grootspierbeheer.
B oog–hand-koördinasie.
C langtermyngeheue.
D kreatiewe ontwikkeling.

1.6 Die opvoedkundige verhouding tussen 'n onderwyser en 'n kind word ontwikkel om …

A die kind met sy/haar totale ontwikkeling te help.
B in die kind se fisiese behoeftes te voorsien.
C 'n kind te help en tot volwassenheid te lei.
D die kind van menseverhoudinge te leer.

Kopiereg voorbehou

1.7 Die term *sensories-motories* het betrekking op …

A leer deur middel van jou sintuie.
B leer deur beweging.
C leer deur middel van sintuie en beweging.
D die begrip van die vyf verskillende sintuie.

1.8 Volgens Piaget word die proses waarvolgens 'n kind sy/haar idees wysig om by 'n nuwe situasie in te pas, … genoem.

A ewewig
B akkommodasie
C organisering
D assimilering

1.9 Die bereiking van outonomie het betrekking op die …

A kind wat selfstandig kan wees.
B moontlikheid dat die kind 'n wenner sal wees.
C feit dat die kind die beste in die klas is.
D kind se kreatiwiteit.

1.10 Sosiale ontwikkeling hang van die … af.

A koördinering van die spiere en die sintuie
B vermoë om legkaarte te bou en probleme op te los
C blootstelling aan boeke en ander leermateriaal
D vermoë om goed met ander mense oor die weg te kom

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Kinders leer meer van wat volwassenes doen as van wat hulle sê.

2.2 Kinders met 'n effense gestremdheid verstaan beter wanneer daar met konkrete voorwerpe eerder as met abstrakte idees gewerk word.

2.3 Kinders moet nie toegelaat word om oor hul vrese te praat nie aangesien dit hulle net nog banger sal maak.

2.4 Versterking is 'n belangrike faktor in die kondisioneringsproses.

2.5 Die intellektueel gestremde kind kan goed op sy/haar eie regkom.

2.6 Die term *kognitiewe ontwikkeling* het betrekking op intellektuele ontwikkeling.

2.7 'n Kind met 'n leergestremdheid beskik oor 'n minder as gemiddelde intellektuele vermoë.

2.8 'n Optometris kan met gehoorprobleme help.

2.9 Die sensoriese geheue stoor inligting wat van die vyf sintuie afkomstig is.

2.10 Skinner het 'n rot in sy eksperiment gebruik om te bepaal hoe kinders leer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die onvermoë om woorde en simbole te interpreteer	A	hiperaktiwiteit
3.2	Die geneigdheid om sonder rede met een aktiwiteit aan te hou	B	afasie
3.3	Om te dink dat nielewendige voorwerpe wel lewendig is	C	assimilering
3.4	Hoë aktiwiteitspeil	D	disleksie
3.5	Al kan ek die voorwerp nie sien nie, bestaan dit nogtans	E	hipo-aktiwiteit
3.6	Prosedure wat in operante kondisionering gebruik word	F	uithouvermoë
3.7	Hierdie term het op balans betrekking	G	egosentries
3.8	Trae bewegings is 'n eienskap hiervan	H	voorwerppermanensie
3.9	Om te dink dat alles oor my gaan	I	ewewig
3.10	Sukkel om spraak voort te bring	J	fatsoenering
		K	animisme

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die sketse hier onder en beantwoord die vrae.

Skets 1: Speel met 'n bal
Skets 2: Lees
Skets 3: Eenbeentjiespring



4.1.1 Gee TWEE voorbeelde van grootspierbeweging. (2 × 2) (4)

4.1.2 Gee TWEE voorbeelde van intellektuele ontwikkeling. (2 × 2) (4)

4.1.3 Gee TWEE voorbeelde van oog–voet-koördinasie. (2 × 2) (4)

4.1.4 TWEE aspekte van die *helekindbenadering* is in al drie sketse sigbaar. Noem die aspekte en gee redes vir jou antwoorde.
(2 × 2) (4)

4.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vraag.

> Sophia is 'n vierjarige meisie. In haar kultuur mag vroue 'n loopbaan volg. Die dagsorgsentrum wat sy bywoon, bied verskeie stimuleringsaktiwiteite aan wat by die daaglikse program ingesluit is. Sophia se pa is hoogs intelligent en die aktiwiteite is vir haar nie te moeilik nie. Haar ouers moedig haar aan om haar beste te lewer.

Identifiseer VYF faktore wat Sophia se kognitiewe ontwikkeling beïnvloed. Gee redes vir jou antwoorde. (5 × 2) (10)

4.3 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Die kind sukkel om stil te sit. (hiperaktief/hipo-aktief)

4.3.2 Die kind het 'n bogemiddelde IK, maar sy/hy sukkel met spelling en lees. (sosiale probleme/leerprobleme)

4.3.3 Die kind is in 'n klas waar die onderwyser dikwels afwesig is, en die kind word nie behoorlik onderrig nie. (hipo-aktief/opvoedkundig verwaarloos)

4.3.4 Hierdie kind het 'n IK van meer as 130. (hiperaktief/begaaf)

4.3.5 Die kind het konstant sorg nodig en hy/sy kan nie op sy/haar eie regkom nie. (intellektueel gestrem/ongemotiveerd)
(5 × 2) (10)

4.4 Bespreek *klassieke kondisionering* deur die volgende TWEE opskrifte te gebruik:

4.4.1 Die navorser se naam en nasionaliteit van hierdie leerteorie (2)

4.4.2 Hoe mense volgens hierdie teorie leer (2)

4.4.3 Verduidelik kortliks die proses wat in hierdie soort leer gevolg word deur na die eksperiment te verwys. (5)

4.5 Dui VYF moontlike tekens van 'n omgewingsgestremde/-verwaarloosde kind aan. (5)
[50]

VRAAG 5

5.1 Vergelyk die kenmerke van die kort- en die langtermyngeheue aan die hand van die stellings hier onder. Trek twee kolomme.

5.1.1 Die kapasiteit is beperk.

5.1.2 Inligting kan permanent gestoor word.

5.1.3 Dit is vir jou alledaagse bewussyn verantwoordelik.

5.1.4 Dit het 'n groot kapasiteit.

5.1.5 Mense praat gewoonlik daarvan as geheue.

5.1.6 Dit hou inligting slegs vir kort tye.

(6 × 2) (12)

5.2 Emosionele ontwikkeling hang van die volgende aspekte af:

die ervaring van 'n gevoel van sekerheid; om vry te wees om jou gevoelens uit te druk; 'n goeie selfbeeld

5.2.1 Verduidelik elk van bogenoemde terme. (3 × 2) (6)

5.2.2 Gee EEN voorbeeld van elk oor hoe jy hierdie aspekte in jou klaskamer sal bevorder. (3 × 2) (6)

5.3 Al kan uiters klein kindertjies nie as begaaf geïdentifiseer word nie, is daar riglyne wat gebruik kan word om begaafdheid aan te dui.

Dui VYF van hierdie riglyne aan. (5)

5.4 Noem en verduidelik TWEE aktiwiteite van elk van die volgende wat die helekindbenadering bevorder:

5.4.1 Fisieke ontwikkeling

5.4.2 Taalontwikkeling

5.4.3 Emosionele ontwikkeling

5.4.4 Intellektuele ontwikkeling

5.4.5 Moreel-normatiewe ontwikkeling

(5 × 2) (10)

5.5 Bestudeer die eienskappe van die effens gestremde kind hier onder en identifiseer VYF wat op hierdie toestand van toepassing is. Skryf die sin langs die toepaslike vraagnommer uit.

5.5.1 Die kind beskik oor 'n goeie selfbeeld.

5.5.2 Die kind leer beter deur konkrete voorwerpe te hanteer.

5.5.3 Die kind onthou inligting goed.

5.5.4 Die kind is 'n stadige leerder.

5.5.5 Die kind kan tye van frustrasie ondervind.

5.5.6 Die kind is 'n natuurlike leier.

5.5.7 Die kind kan met skoolwerk sukkel.

5.5.8 Die kind kom lomp voor.

(5 × 2) (10)

5.6 Waarop het die woord *motories* in die term sensories-motoriese ontwikkeling betrekking? (1)

[50]

VRAAG 6

6.1 Identifiseer die element van *vertroue*, *kennis* en *gesag*, wat deel van die opvoedkundige verhouding uitmaak, in die volgende stellings. Skryf slegs die woorde 'Vertroue', 'Kennis' of 'Gesag' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Die volwassene moet rigting aan 'n kind se lewe gee.

6.1.2 Die volwassene moet verstaan dat elke kind 'n individu is.

6.1.3 Die kind verwag dat die volwassene in al sy/haar behoeftes moet voorsien.

6.1.4 Daar is vasgestelde reëls wat gevolg moet word.

6.1.5 Die kind sal doen wat jy hom/haar vra om te doen aangesien die kind weet dat jy die beste weet.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.2 Verduidelik die riglyne vir ouers van begaafde kinders in jou eie woorde:

6.2.1 Behandel hulle as kinders.

6.2.2 Moet nie jou kind se lewe oorskeduleer nie.

6.2.3 Stimuleer jou kind.

6.2.4 Laat hulle toe om TV-programme te kyk.

6.2.5 Laat hulle toe om baie vrae te vra.

(5 × 2) (10)

6.3 Navorsers het al verskillende teorieë gepubliseer oor hoe mense leer. Dui die leerteorie van elk van die volgende navorsers aan:

6.3.1 Pavlov

6.3.2 Piaget

6.3.3 Skinner

6.3.4 Tolman

6.3.5 Bandura

(5 × 2) (10)

6.4 Breinkaarte is leerhulpmiddels.

Teken 'n breinkaart en verduidelik die voordele daarvan om 'n breinkaart vir leerdoeleindes te gebruik aan 'n medestudent. (5 × 2) (10)

6.5 Verduidelik die volgende terminologie:

6.5.1 Groot motoriese ontwikkeling

6.5.2 Voorwerppermanensie

6.5.3 Oorerwing

6.5.4 ATHV ('ADHD')

6.5.5 Opvoedkundig verwaarloos

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou